**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 10 DESEMBER 2020 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |

***

**AKSIE**

**RVN001/12/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Hoof: Sekretariaat en Rekordsbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

***

**RVN002/12/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Interne Ouditeur – familieverantwoordelikheidsverlof

***

**RVN003/12/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/12/2020**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 24 NOVEMBER 2020**
**3/3/2/2**
***('n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

**BESLUIT**

***HOOF: SEKRETARIAAT EN REKORDSBESTUUR***

Dat die notule van die vorige vergadering gehou op Dinsdag 24 November 2020 bekragtig word, onderhewig aan die onderstaande regstelling, naamlik:

***RVN007/11/2020***
***EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BUDGET REGARDING MIG PROJECTS TO BE INCLUDED IN MUNICIPAL BUDGET 2020/2021, 2021/2022 AND 2022/2023 FINANCIAL YEARS***
***5/9/3***
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

*Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee kortliks agtergrond.*

***The undermentioned resolution was taken unanimously by Council***

***RESOLUTION***

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

*That Council approves the undermentioned MIG projects in the Municipal Adjustment Budget of* ***2020/2021*** *and the amended inclusion of outer year's budget* ***2021/2022 and 2022/2023*** *as 3 year capital plan.*

| ***2020/2021*** | |
|---|---|
| *PMU* | ***724,000.00*** |
| *PV Upgrading of Roads* | ***444,521.83*** |
| *PB Roads & Stormwater* | ***4,115,755.12*** |
| *EK Roads* | ***1,839,572.16.*** |

| | |
|---|---|
| *AUR Roads* | ***2,181,747.80*** |
| *St Christopher Pumpstation* | ***5,173,402.65*** |
| | ***R 14,479,000.00*** |

| ***2021/2022*** | |
|---|---|
| *PV Upgrading of Roads* | ***3,097,353.43*** |
| *AUR Sidewalks (low cost)* | ***1,000,000.00*** |
| *VD Sidewalks (low cost)* | ***1,500,000.00*** |
| *VD St Christopher Sewer* | ***560,892.00*** |
| *RH Sidewalks (low cost)* | ***1,000,000.00*** |
| *RH WWTW* | ***4,440,440.57*** |
| *AUR WWTW* | ***3,000,000.00*** |
| *PMU* | ***768,350.00*** |
| | ***15,367,036.00*** |

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

| ***2022/2023*** | |
|---|---|
| *PMU* | ***800,850.00*** |
| *EK Sidewalks (low cost)* | ***2,000,000.00*** |
| *VD Sidewalks (low cost)* | ***1,500,000.00*** |
| *PV Sidewalks (low cost)* | ***1,500,000.00*** |
| *PB Sidewalks (low cost)*<br>*PB Reservoir* | ***3,000,000.00***<br>***7,216,150.00*** |
| | ***16,017,000.00*** |

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**RVN005/12/2020**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 24 NOVEMBER 2020</u>**
**3/3/2/2**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder rapporteer aan die Raad dat die besluite in die praktyk afgehandel is en ook elektronies op die stelsel voltooi is.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/12/2020**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder en die Speaker spreek hul waardering uit teenoor die Raad en die Administrasie ten opsigte van uitstekende werk wat gelewer is tydens die uitdagende jaar as ‘n gesamentlike poging.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

**<u>LEED</u>**

Dat Me. Pauraine Claasen ernstig siek is en wens haar ‘n spoedige herstel toe.

Voorts bevestig hy dat die Minister van Behuising vandag wooneenhede oorhandig aan die begunstigdes van die behuisingsprojek in Velddrif.

Ten slotte bedank hy die volle Raad en die Administrasie vir goeie samewerking van uitstekende dienslewering aan die gemeenskappe in Bergrivier Munisipale gebied gedurende 2020 en wens elkeen ‘n geseënde feestyd toe en ‘n voorspoedige 2021.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN007/12/2020**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: INFORMATION STATEMENT RAISING OF NEW LONG TERM DEBT 2020-2021</u>**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Direkteur Finansiële Dienste gee bondige agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council take note of the information statement submitted herewith in terms of Section 46(3)(b) of the MFMA.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN008/12/2020**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: COVID-19 GESPREK</u>**

Die Munisipale Bestuurder lig die Raad breedvoerig in ten opsigte van die hervatting van die werksaamhede van die Weskus Distriks munisipale “JOC” as gevolg van die skerp toename in COVID-19 positiewe gevalle in die Provinsie en in Bergrivier Munisipale gebied.

Ten slotte meld sy die belangrikheid ten opsigte van die handhawing van die nodige protokols wat in plek gestel is en dat vanuit haar kantoor met die plaaslike besighede gekommunikeer sal word ten opsigte van die dra van maskers in die openbaar en ‘screening’ by die ingange van alle besighede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

Dat die Raad kennis neem van die huidige toename in COVID-19 positiewe gevalle in Bergrivier Munisipale gebied en die kommunikasie vanuit die Kantoor van die Munisipale Bestuurder in hierdie verband met besighede.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN009/12/2020**
**VERSOEK OM VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE PUBLIEKE STRAAT IN PORTERVILLE**
**7/2/3/1;PTV.1017 & 1151**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en hou die aanbeveling voor aan die Raad vir oorweging/besluitneming.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die versoek om 'n gedeelte van Porterstraat te vervreem **nie goedgekeur word nie** omrede: daar munisipale elektriese dienste is wat tussen die erwe 1151, 1017 en Erf 1179 Porterville geïnstalleer is en word die gedeelte publieke straat vir toekomstige dienslewering benodig, aangesien Erf 1179 Porterville tans in die Munisipaliteit se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2019-2024 geoormerk word vir invul residensiële ontwikkeling.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN010/12/2020**
**TOESTEMMING VIR GEBRUIK VAN MUNISIPALE GROND GEDEELTE VAN ERF 1002, PORTERVILLE (MEENT)**
**7/2/3/2;PTV.1002**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en hou die aanbeveling voor aan die Raad vir oorweging/besluitneming.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) met Porterville Sportraad affilieer en hul behoeftes daar kommunikeer ten einde ondersteuning vir hul aktiwiteite te verkry;

2. Dat die gedeelte van Erf 1002, Porterville (meent) nie aan Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) verhuur word nie, maar dat daar wel toestemming aan hulle verleen word dat die gedeelte van Erf 1002, Porterville (meent) gebruik kan word vir ontwikkeling van jeug in sport, op voorwaarde dat 'n skriftelike ooreenkoms opgestel word waarin Bergrivier Munisipaliteit gevrywaar word van enige aanspreeklikheid vir enige beserings of eise wat weens die aktiwiteite van die Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) kan ontstaan;

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

3. Dat die gebruik van die gedeelte grond sal nie eksklusief wees nie, dus kan ander lede van die gemeenskap nie toegang verbied word nie en sal Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) ook nie voorkeur gebruik verkry nie; en

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

4. Dat enige verbeterings wat deur Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) op die grond aangebring word, gedoen word slegs met vooraf skriftelike goedkeuring van Bergrivier Munisipaliteit se toepaslike direktoraat en enige permanente verbeterings sal sonder vergoeding die eiendom van Bergrivier Munisipaliteit word.

***

**RVN011/12/2020**
**VEHICLE REPLACEMENT POLICY**
**2/B**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en hou die aanbeveling voor aan die Raad vir oorweging/besluitneming.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die "Vehicle Replacement Policy" goedkeur vir implementering, onderhewig aan die beskikbaarheid van 'n goedgekeurde begroting.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN012/12/2020**
**SOMER VOORBEREIDINGSPLAN**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in met spesifieke verwysing na die vloeidiagram, in die verslag en hou die aanbeveling voor aan die Raad vir oorweging/goedkeuring.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die somer voorbereidingsplan vir die Bergrivier Munisipale gebied;
2. Dat die somer voorbereidingsplan vir die publiek beskikbaar gestel word;
3. Dat die Raad die afvuur van vuurwerke streng verbied met behoorlike kennisgewing in die stranddorpe; en
4. Dat die toepaslike noodnommers, veral van die Ambulansdienste op Moorreesburg, behoorlik gekommunikeer word met die onderskeie gemeenskappe.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**RVN013/12/2020**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 15 OKTOBER 2020**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 15 Oktober 2020, soos voorgelê.

***

**RVN014/12/2020**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 27 OKTOBER 2020**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 27 Oktober 2020, soos voorgelê.

***

**RVN015/12/2020**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN016/12/2020**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN017/12/2020**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:00***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***